Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**MINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**


# 2024 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE** | | |
| **QUESTION PAPER** | **2** | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2 HOURS 30 MIN** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **LEONI LAZARUS** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **VIRGINIA BENNETT** | | |
| **DATES OF MARKING** | **1 DECEMBER 2024 – 13 DECEMBER 2024** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **MR E MABONA** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die vraestel het ten volle voldoen aan die voorgeskrewe KABV-vereistes en die Eksamenriglyne. Dit was 'n billike vraestel en die kandidate het oor die algemeen beter in hierdie jaar as in 2023 gevaar. Die roman, Lien se Lankstaanskoene, het weereens die beste van al die boeke gevaar. Die hoogste punt was 70 waar die kandidaat 'n kombinasie van Lien se Lankstaanskoene en gedigte beantwoord het. Die laagste punt van 2 was as gevolg van 'n verkeerde keuse wat die kandidaat gemaak het.

Die volgende grafiek illustreer die gemiddelde punte van die verskillende genres volgens 'n opname van 100 skrifte.




**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – DALENE MATTHEE**

| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| --- |
| - Dit is duidelik dat geen skool meer hierdie roman behandel nie.<br>- Die vraag is in die geheel baie swak beantwoord weens die kandidate se gebrekkige begrip van Afrikaans.<br>- Die kandidate het heel moontlik nie die instruksies op die vraestel verstaan nie en het eenvoudig by vraag 1 begin en al die vrae beantwoord. Dit het duidelik geblyk uit die yl kennis van die roman. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| - Dit is moeilik om spesifieke probleemvrae uit te sonder omdat die vrae in die geheel swak beantwoord was.<br>- Die kandidate het 'n verkeerde keuse uitgeoefen en het dus nie 'n begrip van die roman gehad nie. Hulle het bloot die uittreksels en vrae as 'n leesbegrip beskou en die antwoorde uit die uittreksels probeer beantwoord.<br>- Die kandidate het slegs punte by meerkeusige vrae, kolomvrae en volgorde vrae gekry waar hulle die antwoorde kon raai. |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |

| |
|---|
| - Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.<br>- Begrippe soos verskil, ironie, letterlike en figuurlike betekenis, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.<br>- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae ‘n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.<br>- Vrae wat ‘n verduideliking vereis, moet uitgebrei word.<br>- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd.<br>- Verskeie vrae het “in hierdie situasie (van die uittreksel)”/”binne die konteks van die uittreksel”/”in hierdie uittreksel”/” uit die drama” ingesluit. Baie kandidate het dit misgekyk. Onderwysers moet die kandidate hiervan bewus maak, want dit vereis dat die antwoord binne ‘n bepaalde konteks gegee moet word.<br>- By eenwoord-antwoorde en meervoudige keusevrae moet die kandidate onthou om slegs een woord of letter as antwoord te gee en nie twee of meer opsies met ‘n skuinsstreep te gee nie. |
| **(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| - Die boek is moeilik en moet eerder nie behandel word nie. Daar is makliker opsies om te kies. |

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM - MARITA VAN DER VYVER**

| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
|---|
| - Die vraag is slegs deur twee sentrums beantwoord.<br>- Die kandidate het gemiddeld tot goed presteer.<br>- Die kandidate wat wel swak gevaar het, het ‘n verkeerde keuse uitgeoefen en het dus nie genoegsame kennis gehad om die vraag effektief te beantwoord nie. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 2.2.2 Sommige kandidate het gesukkel om “metafoor” te verwoord.<br>2.4 Die kandidate kon nie uitbrei oor waarom Hanna negatief oor die vakansie was nie.<br>2.8 Sommige kandidate het gefokus op hoekom Hanna ontevrede was met Manna eerder as |

hoe die skrywer daarin geslaag het om Hanna se ontevredenheid aan die leser oor te dra.

2.10 Alhoewel die oorgrote meerderheid die volgorde-vraag goed beantwoord het, was daar wel sommiges wat daarmee gesukkel het omdat hulle nie die inhoud goed genoeg geken het nie.

2.15 Die kandidate het die konsert met die partytjie verwar.

Baie vrae is ook deur die swakker kandidate uitgelos omdat hulle nie die inhoud van die roman geken het nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Verbeter spelfoute. Alhoewel spelling nie getoets word nie, kan ‘n spelfout die betekenis van ‘n antwoord verander.
- Verduidelik hoe om figuurlike betekenis/ironie/verskil te beantwoord.
- Moedig die kandidate aan om in ‘n vraag soos 2.19.2 oor watter les “jy” geleer het, hul antwoorde met “Ek het geleer…” te begin.
- Instruksies moet gevolg word veral “een woord” of “woorde uit die roman”.
- In ‘n verskil-vraag soos 2.16 kan kandidate geleer word om hul antwoorde met “By die huis in Kaapstad…” en “by die huis op Botterberg” te begin.
- Leer die kandidate om stellings wat ‘n vraag inlei, mooi te lees.
- Bespreek die instruksies op die vraestel met die kandidate om verkeerde keuses te vermy.

**(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Vorige vraestelle is ‘n goeie bron om veral die instruksies te verduidelik en die kandidate bloot te stel aan die verskillende tipes vrae.
- Die algemene instruksies moet ingeskerp word soos:
  - Laat ‘n reël oop tussen ‘n antwoord.
  - Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy. (Elke vraag op ‘n nuwe bladsy.)
  - Kandidate neig ook om sekere vraagnommers weg te laat.
- Belangrike begrippe soos in vraag 2 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.
- Die teks is die hoofbron. ‘n Fliek is slegs ‘n aanvulling tot die teks. Daar is egter duidelike verskille wat aan die kandidate uitgewys moet word, want die antwoorde wat in die fliek voorkom, word nie in aanmerking geneem nie.
- Spelling is ‘n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.
- Onderwysers moet seker maak dat alle inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word.

### VRAAG 3: MEEULANDERS - ESTA STEYN

| |
|---|
| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| - Hierdie boek word nie deur enige sentrum behandel nie.<br>- Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het 'n verkeerde keuse uitgeoefen en al die vrae probeer beantwoord.<br>- Die vraag is dus uiters swak beantwoord. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die kandidate het bloot nie die vrae verstaan nie omdat hulle nie die boek behandel het nie. Daar is nie spesifieke vrae wat uitgesonder kan word nie. |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Die instruksies op die vraestel moet met die kandidate bespreek word om verkeerde keuses te vermy. |
| **(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| - Die boek is moeilik en moet eerder nie behandel word nie. Daar is makliker opsies om te kies. |

### VRAAG 4 - LIEN SE LANKSTAANSKOENE - DERICK VAN DER WALT

| |
|---|
| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Lien was oor die algemeen goed beantwoord. Die kandidate het goeie kennis van die roman gehad en kon die vrae goed interpreteer en beantwoord. Die storielyn is eenvoudig genoeg om te verstaan en vele kandidate kan daarby aanklank vind. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 4.1.3 Die kandidate het videospeler, videokamera, DVD's en CD's in plaas van videos of kassette of films genoem wat dan die betekenis van die sin belemmer het.<br>4.2 Feite foute het voorgekom omdat die kandidate genoem het dat daar `n tekort aan kos in die woonstel was as rede waarom sy gedrink het in plaas van eet.<br>4.12 Sekere kandidate het die inleidende sin letterlik interpreter en daarom was hul antwoorde onvoldoende of verkeerd.<br>4.19.2 Kandidate het te algemeen beantwoord en nie op die kern van die "kanse in die lewe" gefokus nie.<br>4.19.3 Die fokuspunt moes op Christien en nie Lien gewees het nie. |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |

- Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.
- Begrippe soos verskil, ironie, letterlike en figuurlike betekenis, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.
- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae 'n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.
- Vrae wat 'n verduideliking vereis, moet uitgebrei word.
- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd.
- Verskeie vrae het "in hierdie situasie (van die uittreksel)"/"binne die konteks van die uittreksel"/"in hierdie uittreksel"/"uit die drama" ingesluit. Baie kandidate het dit misgekyk. Onderwysers moet die kandidate hiervan bewus maak, want dit vereis dat die antwoord binne 'n bepaalde konteks gegee moet word.
- Die verskilvraag moet die kandidate geleer word om duideliker in hulle antwoorde aan te dui bv. 4.5 moet daar onderskeid getref word tussen in die woonstel en hul vroeëre lewe.
- Die kandidate moet geleer word om die figuurlike betekenis van iets te verduidelik en nie net te noem dat iets nie letterlik is nie.
- Kandidate moet meer aandag skenk aan die korrekte spelling van sekere woorde, bv. "bedrog", geld was" ens. 4.13 Sommige kandidate het woorde soos "fraud" en "embezzlement" gebruik in plaas van die korrekte Afrikaanse terminologie. Engelse woorde word nie in aanmerking geneem nie tensy dit deel van die teks is.
- Die spesifieke tegnieke wat die skrywers gebruik om karakters op sekere maniere uit te beeld moet ingeoefen en verduidelik word in die klaskamer.

**(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Belangrike begrippe soos in vraag 4 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.
- Vorige vraestelle is 'n belangrike bron om die kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot te stel.
- Die teks is die hoofbron. 'n Fliek is slegs 'n aanvulling tot die teks. Daar is egter duidelike verskille wat aan die kandidate uitgewys moet word, want die antwoorde wat in die fliek voorkom, word nie in aanmerking geneem nie.
- Spelling is 'n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.
- Onderwysers moet seker maak dat alle inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word.

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: POPPIE - DIE DRAMA – ELSA JOUBERT EN SANDRA KOTZé**

| |
|---|
| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie boek word nie deur enige sentrum behandel nie.<br>- Die vraag is uiters swak beantwoord. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die kandidate het bloot nie die vrae verstaan nie omdat hulle nie die boek behandel het nie. Daar is nie spesifieke vrae wat uitgesonder kan word nie. Die kandidate behandel die twee uittreksels as leesbegrippe en probeer spesifieke antwoorde daarin vind. |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Daar is geen voorstelle, want die vraag was nie deur enige sentrum behandel nie. |
| **(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Die kandidate het geen inhoudskennis of begrip van Poppie nie. |

**VRAAG 6: PALJAS - CHRIS BARNARD**

| |
|---|
| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| - Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord.<br>- Die kandidate met 'n goeie taalvermoë kon die vraag baas raak , maar die kandidate wat sukkel kon nie die vrae verstaan en sinvolle antwoorde bied nie.<br>- Die paragraafvraag (6.1), kolomvraag (6.9) en die volgorde vraag (6.10) was goed beantwoord wat 'n aanduiding was dat die kandidate die inhoud van die drama goed geken het. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 6.1.3 Baie kandidate het die antwoord "glimlag" eerder as lag gegee.<br>6.6 Die vraag het verwag dat die kandidate moes aandui hoe Willem "anders" saam met Manuel in die skuur was as met sy gesin in die huis. Baie kandidate het geskryf dat Willem in die skuur gepraat het, wat 'n feitefout was.<br>6.7 Sommige kandidate het slegs "drankie" geantwoord wat vaag was. 'n Sin sou die betekenis duideliker gemaak het.<br>6.8 Die kandidate het geskryf dat Nollie lief was vir Emma eerder as hoekom dit Emma |

bevoordeel het dat Nollie nie moed opgegee het met haar nie.

6.13 Die kandidate het nie die term “letterlik” verstaan nie en het dus nie geweet waarna Emma verwys het nie.

6.14 Die vraag was swak beantwoord omdat die kandidate gesukkel het om die figuurlike betekenis van “soos melaatses” te verduidelik.

6.17 Min kandidate het volgens die nasienriglyn of soortgelyke antwoorde beantwoord. Hulle het eerder geantwoord dat Katrien en Hendrik sou stry.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.
- Begrippe soos verskil, ironie, letterlike en figuurlike betekenis, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.
- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae ‘n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.
- Vrae wat ‘n verduideliking vereis,moet uitgebrei word.
- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd.
- Verskeie vrae het “in hierdie situasie (van die uittreksel)”/”binne die konteks van die uittreksel”/”in hierdie uittreksel”/”uit die drama” ingesluit. Baie kandidate het dit misgekyk. Onderwysers moet die kandidate hiervan bewus maak, want dit vereis dat die antwoord binne ‘n bepaalde konteks gegee moet word.
- Die verskilvraag moet die kandidate geleer word om duideliker in hulle antwoorde aan te dui bv. 6.6 moet daar onderskeid getref word tussen by Manuel in die skuur en by sy gesin in die huis.
- Die kandidate moet geleer word om die figuurlike betekenis van iets te verduidelik en nie net te noem dat iets nie letterlik is nie.
- Kandidate moet meer aandag skenk aan die korrekte spelling van sekere woorde. Engelse woorde word nie in aanmerking geneem nie tensy dit deel van die teks is.
- Die spesifieke tegnieke wat die skrywers gebruik om karakters op sekere maniere uit te beeld moet ingeoefen en verduidelik word in die klaskamer.

**(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Belangrike begrippe soos in vraag 6 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.
- Vorige vraestelle is ‘n belangrike bron om die kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot

te stel.

- Die teks is die hoofbron. ‘n Fliek is slegs ‘n aanvulling tot die teks. Daar is egter duidelike verskille wat aan die kandidate uitgewys moet word, want die antwoorde wat in die fliek voorkom, word nie in aanmerking geneem nie.
- Spelling is ‘n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.
- Onderwysers moet seker maak dat all inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word.

**VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA - DALENE MATTHEE**

| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
|---|
| - Hierdie drama is deur die meeste sentrums beantwoord.<br>- Die vraag het hierdie jaar beter gevaar as vorige jare. Slegs die kandidate wat nie `n goeie begrip van Afrikaans as taal het nie, het gesukkel om die vrae te beantwoord. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 7.1.2 en 7.1.3 die korrekte spelling van Wolwekraal en Goldsbury moet meer aandag kry.<br>7.1.4 Die woord “kleurling” is nie aanvaar nie omdat die woord direk uit die drama moet kom.<br>7.2.2 Die kandidate verstaan nie noodwendig die betekenis van die woord “gedaante” nie en kon nie daarby uitkom nie. Barta het onverwags verskyn en die kandidate het dit misgetas as sy beweeg baie vinnig.<br>7.6 Feite foute kom voor waar kandidate noem dat Fiela hom geleer het terwyl dit eintlik sy broers en miss Baby Stewart was. Hy het ook nie skoolgegaan in die Bos nie.<br>7.9 Die kandidate het die vraag oor die algemeen misgetas en gefokus op sy luiheid en aggressie of gee nie om nie. Die fokus moes eintlik gewees het op Elias wat voel dat Barta hom pla en daarom is hy onbeskof met haar. Kandidate se antwoorde was gebaseer op Elias se karaktereienskappe regdeur die drama en nie wat hulle in die uittreksel gelees het nie.<br>7.11.1 Die spelling van die woord “Bybel” was oor die algemeen baie swak.<br>7.12.2 Kandidate het dit uitdagend gevind om die ironie te motiveer. Die fokus moes wees dat Barta alreeds gelieg het en dat sy heel moontlik weer sou lieg.<br>7.14 Kandidate het verkeerdelik genoem dat Fiela kos vir hom gebring het in plaas van sy besittings.<br>7.16 Kandidate kom nie altyd daarby uit om te verduidelik hoekom Fiela gehoorsaam was nie.<br>7.17 Kandidate verwys na Fiela as rolmodel oor die algemeen en nie gebaseer op die |

uittreksel waar die kern die hof moet wees nie.

7.19.1 Die identiteitskrisis wat opgelos word, het eers na sy finale besoek aan Barta gebeur en nie in die uittreksel nie.

7.19.3 Kandidate het die vraag misgetas en dikwels vanuit Benjamin se perspektief beantwoord in plaas van Fiela se perspektief. Kandidate sukkel om die besoek aan die Komoeties te verbind met die slot van die drama en om dit uit Fiela se oogpunt te beantwoord.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.
- Begrippe soos verskil, ironie, letterlike en figuurlike betekenis, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.
- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae ‘n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.
- Vrae wat ‘n verduideliking vereis,moet uitgebrei word.
- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd.
- Verskeie vrae het “in hierdie situasie (van die uittreksel)”/”binne die konteks van die uittreksel”/”in
hierdie uittreksel”/”uit die drama” ingesluit. Baie kandidate het dit misgekyk. Onderwysers moet die kandidate hiervan bewus maak, want dit vereis dat die antwoord binne ‘n bepaalde konteks gegee moet word.
- Die verskilvraag moet die kandidate geleer word om duideliker in hulle antwoorde aan te dui bv. 7.6 moet daar onderskeid getref word tussen die Lange Kloof en die Bos.
- Die kandidate moet geleer word om die figuurlike betekenis van iets te verduidelik en nie net te noem dat iets nie letterlik is nie.
- Kandidate moet meer aandag skenk aan die korrekte spelling van sekere woorde. Engelse woorde word nie in aanmerking geneem nie tensy dit deel van die teks is.
- Die spesifieke tegnieke wat die skrywers gebruik om karakters op sekere maniere uit te beeld moet ingeoefen en verduidelik word in die klaskamer.
- Die invulvraag is soms problematies as gevolg van die feit dat die woorde moet inpas by die gegewe sinne, bv. by 7.1.1 dat die kandidate nie die agtervoegsel by agtste of 8ste noem nie.

| **(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| - Belangrike begrippe soos in vraag 7 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.<br>- Vorige vraestelle is 'n bealngrike bron om die kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot te stel.<br>- Die teks is die hoofbron. 'n Fliek is slegs 'n aanvulling tot die teks. Daar is egter duidelike verskille wat aan die kandidate uitgewys moet word, want die antwoorde wat in die fliek voorkom, word nie in aanmerking geneem nie.<br>- Spelling is 'n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.<br>- Die drama is misleidend as gevolg van die feit dat dit kort is, maar onderwysers onderskat die moeilikheidsgraad, fyner detail en tegniese aspekte van die drama. Daar moet seker gemaak word dat die kandidate die fyner detail onder die knie kry.<br>- Onderwysers moet seker maak dat all inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word. |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**VRAAG 8: SPIEëLBEELDE**

**8.1 "OPDRAG" - RIKE OLIVIER**

**8.2 "KRINGLOOP" - RUTO VAMBO**

| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
|---|
| - Die storielyn van "Opdrag" was eenvoudiger vir die kandidate om te verstaan, maar "Kringloop" was ontsettend moeilik om onder die knie te kry.<br>- Oor die algemeen het die kandidate gemiddeld in "Opdrag" gevaar, maar baie swak in "Kringloop" gevaar. "Kringloop" se Wetenskapfiksie en Fisika terminologie is ver bo die vuurmaakplek van die EAT kandidate. |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die intertekstuele verwysing na "`n Pot vol winter" word die hoof fokuspunt vir die kandidate en dit lei hul aandag af van die inhoud van die eintlike kortverhaal.<br>8.1.3 Kandidate het gesukkel om die figuurlike betekenis te verwoord as gevolg van `n gebrek aan woordeskat.<br>8.1.5 Die verskilvraag is baie swak beantwoord.<br>8.1.8 (a) en (b) Koppelvraag is problematies. Kandidate het eerder verduidelik wat die |

aanbeveling was in plaas daarvan om te verduidelik hoekom Sarah objektief oor alles was. Die betekenisverskil tussen subjektief en objektief word heel duidelik nie deur die kandidate verstaan nie.

8.1.9 Die meeste kandidate het nie die vraag verstaan nie. Hulle kon nie die aanbevelings identifiseer nie en as gevolg daarvan is dit swak beantwoord.

8.2 "Kringloop" is ontsettend swak beantwoord omdat die kandidate nie die inhoud verstaan het nie.

Absoluut alles was swak beantwoord en dit is dus moeilik om spesifieke vrae uit te sonder.

**(c )Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.
- Begrippe soos verskil, ironie, letterlike en figuurlike betekenis, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.
- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae 'n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.
- Vrae wat 'n verduideliking vereis,moet uitgebrei word.
- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd.
- Verskeie vrae het "in hierdie situasie (van die uittreksel)"/"binne die konteks van die uittreksel"/"in hierdie uittreksel"/"uit die drama" ingesluit. Baie kandidate het dit misgekyk. Onderwysers moet die kandidate hiervan bewus maak, want dit vereis dat die antwoord binne 'n bepaalde konteks gegee moet word.
- Die verskilvraag moet die kandidate geleer word om duideliker in hulle antwoorde aan te dui bv. 8.1.5 moet daar onderskeid getref word tussen E se verhouding met Kurt en Sarah se verhouding met Gerrie.
- Die kandidate moet geleer word om die figuurlike betekenis van iets te verduidelik en nie net te noem dat iets nie letterlik is nie.
- Kandidate moet meer aandag skenk aan die korrekte spelling van sekere woorde. Engelse woorde word nie in aanmerking geneem nie tensy dit deel van die teks is.
- Die spesifieke tegnieke wat die skrywers gebruik om karakters op sekere maniere uit te beeld moet ingeoefen en verduidelik word in die klaskamer.

**(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Belangrike begrippe soos in vraag 8 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.
- Vorige vraestelle is 'n belangrike bron om die kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot

te stel.
- Spelling is ‘n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.
- Onderwysers moet seker maak dat all inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word.

Vakadviseurs moet asseblief oorweeg dat iets soos die wetenskapfiksie genre baie moeilik is om te verstaan en `n eenvoudiger genre vir EAT kandidate gekies moet word.
Kandidate wat gebrekkige taalvermoë het moet liewerste makliker genres kies en nie die kortverhale nie. Die feit dat 8 verskillende storielyne en 8 verskillende temas en boodskappe onthou moet word sowel as al die verskillende karakers van die kortverhale verwarrend vir die swakker kandidate is.

**AFDELING C: GEDIGTE**

**VRAAG 9: VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**9.1 "DIE DANS VAN DIE REëN" - EUGèNE MARAIS**

**9.2 "EKSAMENLOKAAL" - SUZAAN LAING**

| **(a)General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
|---|
| Oor die algemeen was die vraag gemiddeld beantwoord. "Eksamenlokaal" is veel beter beantwoord as "Die dans van die reën". |
| **(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 9.1.1 Die vraag het vereis dat hulle agtergrondkennis van Suid-Afrikaanse woestyne en plekname moes gehad het wat die kandidate ondergekry het. Die kandidate het dikwels die woord "ruimte" nie verstaan nie.<br>9.1.2 (a) "liedjie" was verkeerd gemerk omdat dit nie ingepas het by die spesifieke sin nie.<br>9.1.3 Kandidate het nie altyd na die gebeurtenis verwys nie, maar eerder na die bruid of suster self.<br>9.1.4 Kandidate verwys slegs na die reëlnommer in plaas van om dit aan te haal.<br>9.1.5 Die korrekte terminologie van die verskillende tegnieke het dikwels ontbreek by van die kandidate se antwoorde.<br>9.1.6 Die vraag het slegs twee aparte woorde vereis en vele kandidate het in sinne beantwoord.<br>9.1.7 Die vrye vers kenmerke was swak beantwoord.<br>9.2.1 Kandidate het dikwels aangehaal in plaas van hul eie woorde gebruik. Die kontras tussen die geluid wat die skoene maak en die stilte in die lokaal of die stilte van die kandidate |

| |
|---|
| asook die kontras van die kandidate wat stilsit en die toesighouer wat op en af loop het hulle verwar.<br>9.2.4 (b) Die verduideliking van gespanne in hulle eie woorde was problematies.<br>9.2.5 (a) Die kandidate kon nie die skoon wit velle assosieer met die begin van die eksamen en dat daar nog nie antwoorde geskryf is nie.<br>9.2.6 Kandidate het na die letterlike oes in lanbouterme verwys het en nie by die figuurlike betekenis van kennis uitgekom nie.<br>9.2.8 Kandidate weet glad nie dat `n tersine `n strofe met 3 versreëls is nie. |
| **(c )Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| - Oefenvrae gebaseer op uittreksels kan vir die kandidate gegee word sodat hulle aan hierdie tipe vraagstelling gewoond kan raak.<br>- Begrippe soos verskil,kontras, geïmpliseerde betekenis, kenmerke van vrye vers, ironie, stylfigure en beeldspraak moet ingeskerp word.<br>- Kandidate moet bewus gemaak word dat inleidende sinne tot die vrae 'n bepaalde konteks vir die vrae wat volg, skep.<br>- Vrae wat 'n verduideliking vereis,moet uitgebrei word.<br>- Kandidate moet versigtig wees met koppelvrae, want as die eerste deel van die vraag verkeerd is, is die tweede deel outomaties verkeerd. |
| **(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| - Belangrike begrippe soos in vraag 9 genoem moet reeds in graad 10 en 11 onderrig word.<br>- Vorige vraestelle is 'n belangrike bron om die kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot te stel.<br>- Spelling is 'n probleem en geniet aandag. Alhoewel dit nie getoets word nie, kan dit die betekenis verander.<br>- Onderwysers moet seker maak dat all inhoud vir letterkunde volgens die KABV-vereistes voltooi word. |